

DIE STEM VAN DIE MARTELARE

Julie 2020



COLOMBIË:
GUERRILLA
EVANGELISTE

GRATIS

**ENGELSE HULPBRONNE
BESKIKBAAR:**

**WWW.PERSECUTIONSA.ORG/
GETTING-INVOLVED**



www.persecutionsa.org

“Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is.” Heb 13:3



Om by die guerrillas aan te sluit was vir Sara aanloklik omdat dit gelyk het of dit doel aan haar moeilike lewe sou gee. Vandag is haar lewensdoel evangelisasie en Bybelverspreiding.

Guerrilla Evangelis

Sara Gómez het op die ouderdom van 14 haar smartvolle huislewe agter gelaat om by iets groter as syself aan te sluit. Haar pa, wat onlangs dood is, het haar seksueel mishandel. Soos baie ander Colombiaanse jeugdiges wat aanvaarding soek, het sy by die Revolusionêre Gewapende Magte van Colombia (FARC) aangesluit. Sy was geïnteresseerd in die guerrillagroep se Marxistiese ideologie en wou die FARC help om 'n rewolusie in haar land tot stand te bring.

Sy het baie gou die plaaslike guerrillagroep se medikus geword; sy het beenwonde en ander grusame beserings behandel wat die vegters in hulle stryd teen regeringsmagte en regtervleuel paramilitêre groepe, opgedoen het.

"Daar was so baie soorte wonde," onthou Sara, nou 36. "Ek het my hande gebruik – alles van antibiotika gee, koeëls verwyder, tot chirurgie toe."

Terwyl sy wonde in die oerwoude van Colombië behandel het, het sy gou geleer dat die FARC Christene vervolgt het, veral diegene wat teen die groep se boodskap gekant was. Alhoewel sy nie 'n volgeling van Christus was nie, het sy jammer gevoel vir dié wat tussen die strydende partye gevang is. Sy het gehoor dat haar medesoldate pastors dood gemaak het en sy het self gesien hoe hulle Christenfamilies uit hulle huise verdryf.

Vind Nuwe Lewe

Na vier jaar in die FARC het Sara geleer dat sommige van haar boers en susters en ander familieleden Christene geword het. Toe haar mede-guerrillas dit uitvind, het hulle druk op haar geplaas om haar familie en die Christelike geloof te versaak; hulle het geweet dat die Evangelieboodskap teenstrydig is met hulle gewelddadige ideologie.

Sara het uiteindelik die FARC verlaat, is getroud en het 'n seun gekry. Haar Christenfamilieleden het intussen gebid dat sy Jesus sal leer ken. Toe, op die ouderdom van 23, het sy haar geloof in Christus geplaas nadat sy gevoel het dat God "iets in haar hart geplaas het".

Sy raak emosioneel wanneer sy besef hoe God haar uit haar gewelddadige lewe gelei het tot 'n verhouding met Hom. "Ek onthou wat ek deurleef het en hoe God my ontvang het toe ek berou getoon het," het sy tranerig gesê. "Ek wou so baie dinge vir Hom doen nadat ek Hom leer ken het."

Vandag het Sara en haar man, Antonio, vier kinders. Die paartjie getuig ywerig teenoor elkeen wat hulle ontmoet, van familieleden, kollegestudente en FARC-guerrillas.

Omdat God haar gered het van 'n gewelddadige lewe met die FARC, voel Sara veral genoodsaak om God se Woord met ander te deel wat hulle lewens aan die guerrillagroep gegee. Sy sê hulle is dikwels ontvanklik vir Die Aksiebybel, 'n Bybel in grafiese-roman formaat wat SVM aan hulle voorsien vir verspreiding. "Omdat die Evangelie hulle lewens aanraak ... kan dit hulle

grootliks beïnvloed," het sy gesê.

Die FARC-leiers verwelkom egter glad nie hulle evangelistiese pogings nie en hulle het die Gómezes verskeie kere al gedreig. Eendag, vroeg in 2018, het 'n groep guerrillas Antonio in die straat gekonfronteer en vir hom gesê dat indien hy en Sara nie hulle bedieningswerk stopsit nie, hulle hul oudste dogter sal ontvoer om by hulle manskappe aan te sluit. Hulle het toe vir hom gesê om sy familie te neem en die gebied te verlaat.

"Ek was in 'n krisis, bekommerd oor my dogter," het Sara gesê.

SVM het die Gómezes in 2019 gehelp om vir hulle veiligheid na 'n nuwe dorp te trek. SVM het die reëlings getref, hulle reisonkoste betaal en hulle aanvangshuur betaal, en vandag duur hulle bedieningswerk voort. Hulle doelwit is om voortdurend God se Woord – volledige Bybels sowel as Die Aksiebybel – te versprei. "God het gesê Sy Woord keer nie ledig terug nie," het Sara gesê. "Dit moet voortdurend voortgaan."

Die Krag van God se Woord

Namate die Gómezes kopieë van Die Aksiebybel aan die jeug gegee het, het hulle geleer dat ouers, veral diegene wat nie goed kan lees nie, ook daarvan hou. Sommige volwassenes sukkel aanvanklik om die kleurvolle, geïllustreerde boeke as die Skrif te aanvaar, dit terwyl hulle 'n tradisionele Bybel intimiderend vind. Maar Sara en Antonio sit saam met hulle en wys vir hulle hoe tonele in die geïllustreerde Bybel ooreenstem met verse in 'n

tradisionele Bybel. Wanneer hulle dan besef Die Aksiebybel vertel dieselfde verhale en dat dit maklik is om te lees, is hulle oortuig.

"Die Aksiebybel is soos 'n flik en dit trek hulle in," het Sara gesê. Die geïllustreerde Bybels het baie lewens aangeraak; sommige wat kopieë ontvang het, het Sara gebel en vir haar vertel dat hulle 'n groep wil begin om haar te ontmoet en die verhale te bespreek.

Sara en haar familie het nooit opgehou om die Evangelie te verkondig nie, selfs toe hulle op die vlug moes slaan. Agt dae voor hulle met 'n SVM-werker ontmoet het, het hulle 'n vriendin van hulle oudste dogter tot geloof in Christus gelei. Sy was 'n kwesbare meisie, 'n groot risiko om deur die FARC gewerf te word, soos Sara self eens op 'n tyd was. Die meisie het groot waardering gehad vir die Gómezes se bediening en het

aanhoudend gevra of sy saam met hulle die Bybel kon bestudeer, selfs al sou haar ouers dit nie goedkeur nie. Sara se familie het die Evangelie met die meisie gedeel en haar in hulle dissipelskapklasse verwelkom.

"Een nag het sy my dogter gebel en vir haar gesê sy was bereid om haar lewe aan Christus te wei," het Sara gesê. Nadat haar ouers hulle dogter se gedragsverandering opgemerk het, wou hulle skielik meer leer van haar nuwe geloof. "Sy is bereid om die Here te volg, ongeag wat sou gebeur," het Sara oor die meisie gesê. "Dit lyk of sy haar ouers na Christus lei as gevolg van die verandering in haar lewe."

Ondanks die gevare van hulle bedieningswerk, weet Sara en Antonio dat God hulle bystaan. Hulle weet Hy het hulle geroep om Sy Woord te verkondig en andere tot geloof in Hom te lei. Sara het ook gesê hulle kan nie aan 'n meer vervulde lewe dink nie. "As

jy nie iets vir God doen nie, doen jy niks nie," het sy gesê.

Voordat hulle gedwing was om te hervestig, het Sara en Antonio op hulle eie grond geboer. Maar nadat hulle daardie bron van voedsel en inkomste verloor het, moes Sara items langs die pad verkoop om haar familie te help onderhou. Toe SVM-werkers uitvind dat dit nie genoeg was om hulle te onderhou nie, het hulle 'n manier gevind om Sara en Antonio te help om 'n inkomste te verdien terwyl hulle voortdurend hulle bediening uitbrei. SVM het 'n masjien gekoop om Sara te help om arepas te maak, 'n mieliekoek, en die stapelvoedsel in Colombië, wat sy as 'n straatsmous kon verkoop. Sara, wat jare lank arepas gemaak en verkoop het, is baie dankbaar vir die masjien.

"Dit is 'n groot seën vir my," het sy gesê. "Om arepas te maak stel my in staat om te evangeliseer."

Sara het uiteindelik haar ware lewensdoel in Christus gevind. Sedertdien het sy die Evangelie met oorgawe versprei, oral waar sy gaan, veral aan jongmense. Haar vrymoedigheid het die guerrillas eenkeer laat dreig om haar dogter te ontvoer.



Manuel preek elke week in 'n eenvoudige struktuur, deeglik bewus dat lede van die paramilitêr altyd sy dienste monitor.



Bediening Paramilitêre se *Onder die* Wakende Oog

Voordat hulle hul verhaal kon vertel, moes Manuel en Sandra wegvlug uit hulle Colombiaanse dorp.

Eerstens moes hulle destyds van die paramilitêre bevelhebber wat oorsig oor die dorp gehad het, toestemming kry om êrens heen te kon gaan. Daarna moes hulle 'n wye rivier oorsteek om na 40 minute per motorfiets 'n gebied te bereik waar hulle veilig genoeg gevoel het om te stap. Wanneer hulle 'n minuut na die aanklokreël wat deur die paramilitêre bevelhebber ingestel is, terugkeer, het hulle geweet daar gevolge sou wees. "Ons sou doodgemaak word," het Manuel gesê.

Vir Manuel en Sandra was hierdie 'n herhalende patroon. Wanneer hulle nie die Evangelie in hulle eie dorp versprei nie, reis hulle na nabygeleë dorpie vir dieselfde doel. Hulle reise is egter nie geroetineerd nie. Ten einde die hoop van ewige lewe met hulle bure te deel, moet hulle somtyds die realiteit van fisiese dood langs die pad trotseer.

"Ek het baie struikelblokke trotseer," het Manuel saggies gesê. "Ek het mense voor my sien doodgaan. Wanneer ek hulle sien, voel ek iets. Ek voel vrees dat hulle my ook gaan seermaak. Ons het wel 'n God wat ons versterk. Wat ons moet doen is om ook vir hulle te preek. Ten spyte van my vrees, voel ek gelukkig omdat ek die Here dien."

Manuel, 41, en Sandra, 39, was vir 12 jaar werksaam in die bediening. Saam met hulle ses kinders en een kleinkind, het hulle altyd onder die paramilitêre wakende oog geleef. Vir dekades het regtervleuel paramilitêre magte met guerrillagroepes soos die Marxistiese Revolusionêre Gewapende Magte van Colombia (FARC), gebots. Christene wat in die "rooi sones" gebiede bly, wat deur hierdie groepe beheer word, word dikwels deur beide kante vervolgt omdat die Evangelie teenstrydig is met die groepe se taktieke, agendas en pogings om soldate te werf.

Slegs ses maande nadat Manuel en Sandra hulle tot geloof in Christus bekeer het, het drie FARC-guerrillas in hulle huis ingestorm. "Waar is Manuel?" het een van hulle gevra. "Ons gaan hom doodmaak!" Manuel het die huis minute vroeër verlaat om aandete vir sy gesin en sommige familieleden wat by die huis was, te kry.

Terwyl Sandra met haar vreesbevange kinders gesit het, het een van die guerrillas vir haar gesê dat hy haar en haar kinders sou doodmaak indien sy iemand sou bel. Nadat hulle die huis, insluitende onder die beddens, deeglik deursoek het, het die guerrillas agt mense, insluitende Manuel se broer, Sandra se 18-jarige broerskind en ses ander familieleden, ontvoer. Nadat hulle almal weggelei het, het Sandra

geweerskote gehoor.

"Ek voel steeds baie pyn, alhoewel dit so lank gelede is," het Sandra in tranes gesê. "Terwyl ek nou daaraan terugdink, is my hart baie seer."

Na die moorde het Manuel, Sandra en hulle kinders na 'n ander dorp gevlug waar hulle vir twee jaar geskuiel het. Manuel weet nie hoekom die guerrillas sy familie daardie dag geteiken het nie, maar hy is seker dat hy dood sou wees indien hy by die huis sou wees.

Sandra het gesê hulle kinders herstel steeds van alles wat hulle daardie dag deurgemaak en aanskou het. Manuel handel nie net met die verlies van sy broer en ander familieleden nie, maar ook met 'n ouer trauma. Guerrillas het Manuel se pa vermoor toe hy 12 jaar oud was. "Daar was baie geweld," het hy huiwerig gesê. "Ek kan nie veel onthou nie."

Baie dinge het vir Manuel en Sandra verander sedert die moord op hulle familieleden deur die guerrillas. Hulle het na 'n ander dorp getrek en beide het pastors geword. Terwyl 'n paramilitêre groep elke beweging van hulle dophou, kon hulle sover daarin slaag om van die guerrillas se radar af te bly.

Manuel lei elke Donderdag en Saterdag aanbidding in 'n eenvoudige struktuur. Buiten sy eie familie, sluit die kerk drie ander volwassenes en ongeveer 30 kinders van die dorp in. Paramilitêre vegters besoek gereeld die aanbiddingsdienste om die inhoud van sy boodskap te monitor. "Hulle wil nie hê die kerk moet oor die moorde praat nie," het 'n SVM-werker gesê, "pastors moet dus versigtig wees wat hulle in die kerk sê. Dit is hoekom hulle mense uitstuur om te gaan luister wat hulle in die kerk sê. Indien hulle preek: 'Moenie by enige groepe aansluit nie', sal

hulle doodgemaak word. Ons weet van pastors wat doodgemaak is as gevolg van 'n geheime lid van die paramilitêre wat teenwoordig was."

Om aan die paramilitêre groep te rapporteer en elke keer toestemming te vra wanneer hulle hul dorp wil verlaat, het baie stremming op hulle bediening geplaas. Om dopgehou te word terwyl hulle van huis tot huis besoek doen, dra ook by tot die spanning. "Hulle agtervolg ons gedurig," het Manuel gesê. "Hulle weet watter huis ons ingaan, uit watter huis ons kom en na watter huis ons volgende gaan. Hulle weet dit alles."

Wanneer hulle baie bevrees en gespanne voel, bemoedig Manuel en Sandra mekaar met Filippense 4:13 – "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."

"Ons sê dit in die aand voor ons bed toe gaan," het Manuel gesê. "Wanneer ons wakker word, voel ons versterk deur die Here. Daardie vers versterk ons elke dag."

"Sedert ons die Woord ken, word ons as 'n paar versterk. Ons bid altyd tot God as 'n getroude paar. Ons bid vir diegene wat ons probeer seermaak; ons bid vir diegene wat sleg van ons praat. Wanneer my man sê hy is ongemotiveerd, motiveer ek hom. Wanneer ek vir hom sê ek is ongemotiveerd, motiveer hy my," het Sandra gesê.

Gedurende hulle 12 jaar van bediening, het hulle nog nooit 'n breek van die spanning om in 'n plek van konflik te werk, gehad nie. Sandra het gesê hulle enigste "vakansie" was toe die guerrillas hulle uit hulle dorp gedwing het. Maar hulle is voortdurend toegewy tot goeie dade vir God se koninkryk, wetende dat hulle uiteindelik rus in Jesus Christus is.



Manuel en Sandra trotseer voortdurende druk terwyl hulle onder die militante groepe bedien. Bid vir God se voortdurende krag en beskerming vir hulle namate hulle die koninkryk bevorder.

'N GEBED VIR COLOMBIË

Hemelse Vader, ons staan saam met ons broers en susters wat in die mees gevaarlike dele van Colombië dien. Dankie vir hulle toewyding aan U en vir hulle getrouheid om U koninkryk te bevorder. Gee aan hulle rus waar hulle in spanningvolle en moontlike gewelddadige situasies lewe en werk. Hou hulle huwelike en families sterk onder hierdie spanning. Weerhou hulle en hulle families van die bose en beskerm hulle kinders van ontvoering of werwing onder dwang van gewapende militante. Ons bid dat hulle daaglik in geloof sal groei namate hulle deur U Woord gevoed word. Mag hulle, ondanks dreigemente, druk en struikelblokke, getrou bly. Skenk aan hulle herders wysheid waar hulle leiding neem. Vernuwe hulle siele deur U Gees. Verander hulle vrees in wyse handeling ter wille van die Evangelie. Mag hulle sien hoe U in hulle daaglikse behoeftes voorsien.

Here, U het die mag om harte te verander. Ons bid dat U die harte van alle lede van die rebelle en paramilitêre groepe sal aanraak en dat hulle hul na U sal keer. Gee dat hulle geestelike vervulling sal soek wanneer hulle sien dat die kommuniste geldsugtig is en dat mag geen bevrediging gee nie.

Ons lig die land Colombië en sy mense op voor U, Here. Ons bid vir sy leiers waar hulle besluite maak wat die land nou en in die toekoms beïnvloed. Gee aan hulle wysheid om met die verskeie rebelle en paramilitêre groepe te handel.

Mag hulle met integriteit handel en die land se beste belange op die hart dra.


In Jesus naam, Amen.



Julie/Augustus 2020 Gebedsdagboek

Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.
Jakobus 5:16b

JULIE			Ek het gebid
S 19	IRAK	Bid dat meer vervolgers Christus in hulle vyandige gemeenskappe sal leer ken.	☐
M 20	MALEDIVE	Bid dat Christenwerkers nuwe strategieë sal ontwikkel om Maledivers te bereik.	☐
D 21	JORDANIË	Bid dat kerke in Jordanië aan hulle Moslembure asook aan vlugteling sal bedien.	☐
W 22	CHINA	Bid vir die beskerming van sendelinge, ondanks die regering se kontantaanbod aan informante.	☐
D 23	ETIOPIË	Bid dat radiobedienings onbereikte mensegroepe sal bereik.	☐
V 24	SIRIË	Bid dat God nuwe pastors sal opwek vir ledige Siriëse kerke.	☐
S 25	KAZAKSTAN	Bid dat meer pastors opgelei sal word en meer Gelowiges dissipelskap sal ontvang.	☐
S 26	OMAN	Bid vir die beskerming van plaaslike Gelowiges.	☐
M 27	KIRGISIË	Bid vir President Kassym-Jomart Tokayev.	☐
D 28	NEPAL	Bid dat Bybels die mees afgeleë bergagtige streke van Nepal sal bereik.	☐
W 29	KATAR	Bid dat Katarese op die Evangelie sal reageer wat deur Arabiese uitsendings en webtuistes gedeel word.	☐
D 30	TUNISIË	Bid dat die Berber-mense deur ander Tunisiërs waardevol geag sal word.	☐
V 31	BAHREIN	Bid dat vervolgte Gelowiges voortdurend krag in Christus sal vind.	☐
AUGUSTUS			Ek het gebid
S 1	VIËTNAM	Bid dat nuwe Bybels vir kinders en jeug deur nie-Christene gelees sal word.	☐
S 2	ERITREA	Bid vir Eritrese Gelowiges wat in vlugtelingekampe buite die land bly.	☐
M 3	V.A.E	Bid vir God se beskerming oor geheime kameraadskapbyeenkomste.	☐
D 4	ETIOPIË	Bid dat die nuwe regering die regte van Gelowiges sal beskerm.	☐
W 5	NIGERIË	Bid vir Christenweduwees wie se mans deur Boko Haram doodgemaak is.	☐
D 6	INDIË	Bid vir Nela en ander weduwees wie se mans weens hulle geloof gemartel is.	☐
V 7	KATAR	Bid dat die plekke waar Gelowiges ontmoet veilig en verborge sal bly.	☐
S 8	LAOS	Bid dat jong Gelowiges die wysheid en bekwaamheid sal bekom om frontliniëbediening binne te gaan.	☐
S 9	COMORE	Bid dat Gelowiges moedig, dapper en wys sal wees in hulle Christelike getuïenis.	☐
M 10	ISRAËL	Bid vir uitreikpogings in gebiede met geen bekende Gelowiges.	☐
D 11	FILIPPYNE	Bid dat ons vervolgte Gelowiges wat alleen ly sal identifiseer en bemoedig.	☐
W 12	SRI LANKA	Bid vir eenheid onder plaaslike kerke.	☐
D 13	MALI	Bid vir die volharding van Christene in die noorde waar etniese spanning toegeneem het.	☐
V 14	ERITREA	Bid vir die gesondheid, geloof en uiteindelijke vrylating van Christene wat weens hulle geloof gevange geneem is.	☐
S 15	PAKISTAN	Bid vir kreatiewe maniere om Bybels in die mees beperkte gebiede te versprei.	☐



Bemoediging vir Paartjies wat in “Rooi Sones” Bedien

Isabella het haar hande tydens ‘n afsonderingsbyeenkoms vir paartjies wat in Colombië se “rooi sones” bedien in trane, maar blye aanbidding opgehef. Sy en haar man, Andrés, het na een van Colombië se groter stede gereis om vir drie dae vry van spanning in God se teenwoordigheid te rus, tydens hulle werk in ‘n gebied wat deur ‘n regtervleuel paramilitêre groep beheer word.

“Tydens hierdie drie dae wat ons hier was, het ek baie seëninge ontvang,” het Isabella aan die einde van die byeenkoms gesê. “Ons geestelike innerlike is nou versterk.”

Isabella en Andrés was een van 20 paartjies wat die byeenkoms in November 2019 bygewoon het. Buiten die hartlike samesang, het hulle inspirerende en bemoedigende boodskappe van ‘n Brasiliaanse pastor geniet en maaltye saam op ‘n wydgestrekte omheinde perseel tussen groen heuwels, damme en blomtuine, genuttig.

In hulle drie dekades van bediening het die paartjie nog nooit ‘n kans gehad om weg te breek van hulle werk nie. Slegs ‘n week voor hulle byeenkoms het Isabella tot God uitgeroep: “Ek het ‘n breek nodig!” Dae later het sy en haar man die uitnodiging ontvang.

“Die Here het my dadelik geantwoord,” het sy huilend gesê. “Hierdie dae wat ek hier was, was ek so gelukkig. Julle het aan ons eer bewys. Ek gaan versterk van hierdie plek af weg. Ek het laas nag gebid: ‘God, seën die mense wat ‘n skenking gemaak het hiervoor sodat ek na hierdie plek kon kom en hier kon

wees.”

Nog ‘n paartjie, Gloria en haar man, David, was aangeraak deur die getuigenisse van paartjies wat soortgelyke uitdagings as hulle trotseer het. Hulle was bemoedig om te weet dat hulle nie alleen was nie.

“Ek voel dat ek gevoed word omdat hulle luister,” het Gloria gesê. “Ons luister na wat hulle deurgaen en hulle kan sien wat ons deurgaen. Ons kan mekaar bemoedig en daar is ‘n verwantskap in die atmosfeer. Toe ons gesing het ‘U is getrou’, kon ek voel dat almal in daardie vertrek gewee het wat dit beteken. Dit is waarlik die getrouheid van God in ons midde. Ek kon dit voel in my broers en susters langs my. Dit is ‘n verwantskap. Dit is dieselfde Gees.”

Esteban en Maria Hernandez, nog ‘n paartjie wat die SVM-geborgde byeenkoms bygewoon het, het die kalm atmosfeer en samesyn met andere wat getrou in dieselfde omstandighede bedien, geniet. Esteban het ook groot waardering gehad vir die Bybels wat hy ontvang het om terug te neem na sy kerk toe.

“Ek wil ‘dankie’ sê vir hierdie groot byeenkoms en die Bybels wat julle voorsien het,” het hy gesê. “Ek bid dat God julle met Sy rykdom en glorie sal seën. Elke persoon wat bygedra het tot hierdie geleentheid en die Bybels, vir al die seëninge wat julle gegee het, mag God julle ryklik seën. Julle is almal deel van elke siel wat ek in my moeilike gebied wen.”

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek www.persecutionsa.org

VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)

Takkode: 192505 (Bedfordview)

Gekruisde Tjeks of Posorders - Uitgemaak aan Christelike Sending Internasionaal.

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)

Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)

Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Tel: 011 873-2604/5 | Kantoor Sel: **076-022-3336** (8vm-2vm)
Fax: 011-873-3859 | E-pos: cmi@vomsa.org | Webtuiste: www.persecutionsa.org | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Uitvoerende Direkteur: Mnr Ashley Illman - Direkte Selnr: 083 457 4164

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.